

# 2016 Nuweling eerstejaar en voorgraadse inskrywings: Finale registrasieperiode

Institusionele Navorsing en Beplanning  
15 Februarie 2016


## Bestuursopsomming

### Nuweling eerstejaar (NE) inskrywings


Krygskunde ingesluit

Belangrikste verskuiwing in tendense sedert die einde van die amptelike registrasietydperk:


- Daar was 'n toename van 135 nuweling eerstejaars, waarvan 82 BSI en 53 wit. Die % BSI het dus van 33.3% tot 34.0% gestyg.
- Minder as die helfte van die verwagte getal nuweling eerstejaars in die Fakulteit Krygskunde is tot op datum ingeskryf. Met Krygskunde uitgesluit, het die % BSI die afgelope 2 weke toegeneem van 33.1% tot 33.5%.




↑ 2% 2016 NE inskrywings meer as teikengetal




↓ 7% 2016 BSI inskrywings minder as teikengetal



↑ 7% 2016 Wit inskrywings meer as teikengetal



↓ 3% Persentasiepunte minder as 2016 %BSI teiken




↑ 2% Persentasiepunte styging in %Afr van 2015 tot 2016

### Voorgraadse inskrywings


Krygskunde ingesluit



↑ 2% Styging in getal VG inskrywings, 2015 tot 2016



↑ 1% Persentasiepunte styging in VG %BSI, 2015 tot 2016



↓ 2% Persentasiepunte daling in VG %Afrikaans, 2015 tot 2016

# Inhoudsopgawe

1	Inleiding.....	1
1.1	Definisies .....	1
2	Nuweling eerstejaars .....	1
2.1	Nuweling eerstejaars per bevolkingsgroep .....	1
2.2	Nuweling eerstejaars per fakulteit .....	3
2.3	Nuweling eerstejaars per huistaalgroep .....	4
3	Voorgraadse inskrywings .....	5
3.1	Voorgraadse inskrywings per bevolkingsgroep .....	5
3.2	Voorgraadse inskrywings per fakulteit .....	5
3.3	Voorgraadse inskrywings per huistaalgroep.....	7
4	Bylae.....	8

## 1 Inleiding

In hierdie verslag word die tendense ten opsigte van nuweling eerstejaar en voorgraadse inskrywings na afloop van die **finale registrasietydperk** op 12 Februarie 2016 bespreek. Die getal nuweling eerstejaars word ook met die Junie 2016 inskrywingsteikens vergelyk.

Hierdie verslag is dus 'n opvolg van 'n soortgelyke verslag wat twee weke gelede na afloop van die amptelike registrasietydperk uitgereik is.

### 1.1 Definisies

'n Voorgraadse **nuweling eerstejaar** (NE) is 'n student wat vir die betrokke jaar vir die eerste keer aan 'n hoër onderwys instelling vir 'n voorgraadse program ingeskryf is.

Die inskrywings is geneem na afloop van die **finale registrasietydperk** vir die onderskeie jare. Ná die finale registrasietydperk word program- en module wysigings nie meer toegelaat nie.

Die **teikens** verwys na die inskrywingsteikens soos ooreengekom tussen die VR(L&O) en dekane, April 2015<sup>1</sup>. Let op dat die inskrywingsteikens gebaseer is op Junie-statistiek, en dat **die inskrywings eers dan werklik met die teikens vergelyk kan word**. Gedurende die afgelope twee jaar was die NE inskrywings (uitgesonderd Krygskunde) na afloop van die finale registrasietydperk ongeveer 2% hoër as die Junie-statistiek.

## 2 Nuweling eerstejaars

### 2.1 Nuweling eerstejaars per bevolkingsgroep

Die getal nuweling eerstejaars met hulle Junie-teikens vir 2012 tot 2016 word in Tabel 1 aangetoon en in Figuur 1 tot Figuur 3 grafies voorgestel.


Na afloop van die finale registrasietydperk in 2016 was minder as die helfte van die verwagte getal nuweling eerstejaars van die Fakulteit Krygskunde ingeskryf. Verdere inskrywings in hierdie fakulteit, wat normaalweg oorwegend uit bruin, swart en Indiër (BSI) studente bestaan, word nog verwag. Dus kan die totale getal BSI-registrasies en %BSI vir 2016 nog verhoog.

---

<sup>1</sup> Nuweling eerstejaar teikens vir EBW aangepas Aug 2015

Die belangrikste tendense na afloop van die finale registrasietydperk is soos volg:


- Die **totale getal nuweling eerstejaars** (5 073) is ongeveer 2% hoër as die gestelde Junie-teiken van 4 977. Vir beide wit en BSI-studente is die inskrywings egter 7% minder as in 2015.
- Die Junie 2016-teiken vir **wit nuweling eerstejaars** (3 124) is ongeveer 13% laer as die werklike getal inskrywings in 2015 (3 602). Dus is die wit NE's steeds 7% meer as die Junie-teiken, ten spyte van die afname in inskrywings teenoor 2015.
- Die **getal BSI nuweling eerstejaars** (1 725) is 7% minder as hul Junie-teiken (1 853). Die 2016 BSI-teiken is gelykstaande aan die getal inskrywings in 2015, maar 5.5% hoër as die 2015 teiken.
  - Die afname in BSI inskrywings is ten spyte daarvan dat vir 2016 ongeveer 8% meer BSI nuweling eerstejaars voorwaardelik toegelaat is as vir 2015<sup>2</sup>.
  - Verdere inskrywings in die fakulteit Krygskunde kan egter nog die getal BSI-inskrywings verhoog.
- Algeheel het die **% BSI** vanaf 2015 tot 2016 konstant gebly op 34.0%. Dit is ongeveer drie persentasiepunte **laer as die %BSI-teiken** van 37.2%.
- Indien na die **tendens oor die afgelope vyf jaar** gekyk word, het die getal BSI nuweling eerstejaars van 2012 tot 2014 skerp toegeneem. Van 2014 tot 2015 het dit konstant gebly, en daarna afgeneem. Soortgelyk het die %BSI toegeneem van 2012 tot 2014, waarna dit effens afgeneem het. Die BSI-teikens is in terme van getalle en %BSI jaarliks opgestoot. Die gaping tussen die teiken en die werklike getal inskrywings het dus die afgelope twee jaar vergroot.



Figuur 1: Nuweling eerstejaar inskrywings en teikens, 2012-2017



Figuur 2: BSI nuweling eerstejaar inskrywings en teikens, 2012-2017



Figuur 3: %BSI van NE inskrywings en teikens, 2012-2017

Tabel 1: Getal nuweling eerstejaars na afloop van finale registrasietydperk met hul Junie-teikens (Krygskunde ingesluit)

	Werklik				Teiken			
	BSI	Wit	Totaal	%BSI	BSI	Wit	Totaal	%BSI
2012	1 085	3 105	4 190	25.9%	1 381	3 391	4 772	28.9%
2013	1 462	3 162	4 624	31.6%	1 355	3 505	4 860	27.9%
2014	1 848	3 410	5 258	35.1%	1 482	3 348	4 830	30.7%
2015	1 854	3 602	5 456	34.0%	1 756	3 300	5 056	34.7%
2016	1 725	3 348	5 073	34.0%	1 853	3 124	4 977	37.2%
2017	nvt	nvt	nvt	nvt	2 130	3 044	5 174	41.2%
	Verskil werklik 2015 en werklik 2016				Verskil werklik 2016 en teiken 2016			
N	-129	-254	-383		-128	224	96	
%	-7.0%	-7.1%	-7.0%		-6.9%	7.2%	1.9%	


<sup>2</sup> Voorwaardelike toegelate getalle vir 2015- en 2016-innames is gebaseer op toelatings teen einde Desember van die aansoekjaar, en word in die Bylae in Tabel 7 aangetoon.

## 2.2 Nuweling eerstejaars per fakulteit

### 2.2.1 Algeheel

Die getal nuweling eerstejaars per fakulteit en bevolkingsgroep vir 2015 en 2016, met die 2016 teikens word in Tabel 5 in die Bylae aangetoon en in Figuur 4 grafies voorgestel. Die fakulteite wat persentasiegewys die grootste afwykings van hul teikens getoon het, was:


- **Lettere en Sosiale Wetenskappe** en **AgriWetenskappe**, wat onderskeidelik 10.5% en 12.6% meer inskrywings as hul teikens het.
- **Krygskunde**, wat nog minder as die helfte van hulle teiken inskrywings het.




Figuur 4: Getal inskrywings en teikens per fakulteit vir nuweling eerstejaars, 2015 en 2016

### 2.2.2 Nuweling eerstejaars per fakulteit en bevolkingsgroep

Figuur 5 stel die getal BSI inskrywings en teikens per fakulteit grafies voor, en Figuur 6 die %BSI. Die getalle word in Tabel 5 in die Bylae aangetoon.



Figuur 5: Inskrywings en Junie-teikens per fakulteit van BSI nuweling eerstejaars, 2015 en 2016



Figuur 6: Werklike en teiken %BSI per fakulteit van nuweling eerstejaars, 2015 en 2016


Die belangrikste tendense is soos volg:

- Slegs drie fakulteite het hulle teikens in terme van **getal BSI inskrywings** behaal. Lettere en Sosiale Wetenskappe, Opvoedkunde en Teologie het 9% –10% meer BSI-inskrywings as hul teikens. Die fakulteite AgriWetenskappe (-32%) en Krygskunde (-61%) het persentasiegewys die grootste negatiewe afwyking tov hul BSI-teikens.


- Vier fakulteite het meer **wit inskrywings** as hul teikens, naamlik Lettere en Sosiale Wetenskappe (12%), AgriWetenskappe (35%), Regsgeleerdheid (16%) en Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe (10%). Die res van die fakulteite (buiten Krygskunde) se inskrywings was 2% – 5% minder as die teiken.
- In terme van **%BSI** het die fakulteite AgriWetenskappe, Regsgeleerdheid (LLB) en Krygskunde die grootste negatiewe afwyking tov hul teiken getoon. Opvoedkunde en Teolige se %BSI was hoër as hul onderskeie teikens.

### 2.3 Nuweling eerstejaars per huistaalgroep

Die getal en persentasie verdeling van nuweling eerstejaars per huistaalgroep (Afrikaans en nie-Afrikaans) vir 2015 en 2016 word in Tabel 2 aangetoon, en onderskeidelik in Figuur 7 en Figuur 8 grafies voorgestel. Die getal inskrywings per fakulteit en huistaalgroep word in Tabel 10 aangetoon. Let op dat daar nie teikens per huistaalgroep gestel word nie.



Figuur 7: Nuweling eerstejaar inskrywings met Afrikaans as huistaal of nie, 2015 en 2016



Figuur 8: % Afrikaans van nuweling eerstejaars, 2015 en 2016

Indien 2016 se inskrywings met dié van 2015 vergelyk word, is die belangrikste tendense is soos volg:

- Daar was 'n afname in beide nuweling eerstejaars wat Afrikaans het as huistaal, en diegene wat nie Afrikaans as huistaal het nie. Die grootste afname was egter by dié wat nie Afrikaans as huistaal het nie. Gevolglik het die % inskrywings met Afrikaans as huistaal met ongeveer twee persentasiepunte toegeneem van 42.6% in 2015 tot 44.5% in 2016.
- Per huistaal- en bevolkingsgroep het wit nuweling eerstejaars wat nie Afrikaans as huistaal het nie, die grootste afname in getal inskrywings getoon, nl. 12.4% minder.
- Indien egter die registrasiekoerse van 2016 met 2015 vergelyk word, het die BSI NE's wat nie Afrikaans as huistaal het nie, die grootste daling in registrasiekoers<sup>3</sup> gehad.

Tabel 2: Nuweling eerstejaars per bevolkings- en huistaalgroep, 2015 en 2016

	2015			2016			% Verskil 2015-2016		
	BSI	Wit	Totaal	BSI	Wit	Totaal	BSI	Wit	Totaal
Afrikaans	403	1 922	2 325	378	1 877	2 255	-6.2%	-2.3%	-3.0%
Nie-Afrikaans	1 451	1 680	3 131	1 347	1 471	2 818	-7.2%	-12.4%	-10.0%
<b>Totaal</b>	<b>1 854</b>	<b>3 602</b>	<b>5 456</b>	<b>1 725</b>	<b>3 348</b>	<b>5 073</b>	<b>-7.0%</b>	<b>-7.1%</b>	<b>-7.0%</b>
%Afrikaans	21.7%	53.4%	42.6%	21.9%	56.1%	44.5%			

<sup>3</sup> Registrasiekoers is geneem as getal inskrywings na afloop van die finale registrasietydperk gedeel deur die getal voorwaardelike toelatings teen einde Desember van die aansoekjaar (dws toelatings voor die Januarie-kansellasies na bekendmaking van Graad 12-punte)

### 3 Voorgraadse inskrywings

Voorgraadse inskrywings sluit graad-, sertifikaat- en diplomaprogramme in. Die inskrywings word egter slegs vergelyk met dié van vorige jare, en nie met die geprojekteerde getalle nie.

#### 3.1 Voorgraadse inskrywings per bevolkingsgroep

Die getal voorgraadse inskrywings vir 2012 tot 2016 word in Tabel 3 aangetoon en in Figuur 9 tot Figuur 11 grafies voorgestel.

Indien 2016 se inskrywings met dié van 2015 vergelyk word, is die belangrikste tendense soos volg:

- Die getal voorgraadse inskrywings het met 2.3% gestyg vanaf 18 978 in 2015 tot 19 417 in 2016. Die lae groeikoers is sterk beïnvloed deur die (beplande) daling in getal nuweling eerstejaars: die nie-nuweling voorgraadse studente het met 6.1% toegeneem.
- Die getal BSI inskrywings het met 5.3% toegeneem, en die getal wit inskrywings met 0.8%. Gevolglik het die %BSI met een persentasiepunt gestyg vanaf 33.1% in 2015 tot 34.1% in 2016.



Figuur 9: Voorgraadse inskrywings, 2012-2016



Figuur 10: Voorgraadse BSI inskrywings, 2012-2016



Figuur 11: %BSI voorgraads, 2012-2016


Tabel 3: Voorgraadse inskrywings, 2012 - 2016 (ingesluit Krygskunde)

	Alle voorgraadse inskrywings				Voorgraads sonder NE
	BSI	Wit	Totaal	%BSI	
<b>2012</b>	4 378	12 545	16 923	25.9%	12 733
<b>2013</b>	4 885	12 374	17 259	28.3%	12 635
<b>2014</b>	5 636	12 435	18 071	31.2%	12 813
<b>2015</b>	6 287	12 691	18 978	33.1%	13 522
<b>2016</b>	6 623	12 794	19 417	34.1%	14 344
	Toename 2015 tot 2016				
N	336	103	439		822
%	5.3%	0.8%	2.3%		6.1%

#### 3.2 Voorgraadse inskrywings per fakulteit

Die getal voorgraadse inskrywings per fakulteit en bevolkingsgroep vir 2015 en 2016 word in Tabel 6 in die bylae aangetoon en in Figuur 12 grafies voorgestel.

- Die fakulteite Opvoedkunde (6%), AgriWetenskappe (10%), Teologie (16%) en Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe (7%) het die hoogste groeikoers getoon.
- Krygskunde (-8%) het die grootste afname getoon; verdere eerstejaar inskrywings kan egter hierdie tendens omkeer.




Figuur 12: Voorgraadse inskrywings per fakulteit, 2015 en 2016


### 3.2.1 Voorgraadse inskrywings per fakulteit en bevolkingsgroep

Die getal voorgraadse inskrywings per fakulteit en bevolkingsgroep vir 2015 en 2016 word in Tabel 6 in die bylae aangetoon. Figuur 13 en Figuur 14 stel onderskeidelik die getal en % BSI van voorgraadse inskrywings per fakulteit voor. Die belangrikste tendense per fakulteit en bevolkingsgroep is soos volg:

- Buiten die fakulteit Krygskunde, het al die fakulteite 'n **groei in getal voorgraadse BSI** inskrywings getoon. Opvoedkunde (16.5%) en Teologie (22.5%) het die grootste algehele groeikoers getoon. Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe het met 8% gegroei, en Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe met 7%.
- Die fakulteite AgriWetenskappe (12.4%) en Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe (6.7%) het die hoogste groeikoers vir **wit inskrywings** getoon. Die fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe (-6.8%) het die grootste afname getoon.
- Buiten AgriWetenskappe en Krygskunde het die fakulteite almal 'n **styging in %BSI** getoon.



Figuur 13: BSI voorgraadse inskrywings per fakulteit, 2015 en 2016




Figuur 14: Voorgraadse %BSI per fakulteit, 2015 en 2016




### 3.3 Voorgraadse inskrywings per huistaalgroep

Die voorgraadse inskrywings per bevolkings- en huistaalgroep (Afrikaans of nie), word in Tabel 4 aangetoon. Figuur 15 en Figuur 16 stel die getal en % Afrikaans grafies voor. Die getal en % per huistaalgroep per fakulteit word in die bylae in Tabel 11 aangetoon.



Figuur 15: Getal VG inskrywings met Afrikaans as huistaal of nie, 2015 en 2016



Figuur 16: % Afrikaans van VG inskrywings, 2015 en 2016

Die belangrikste tendense is soos volg:

- Algeheel het die getal voorgraadse inskrywings met Afrikaans as huistaal met 1.5% afgeneem, terwyl diegene met 'n ander huistaal as Afrikaans, met 5.7% toegeneem het.
- Die persentasie voorgraadse inskrywings met Afrikaans as huistaal het met 1.7 persentasiepunte gedaal van 46.9% in 2015 tot 45.2% in 2016.
- Indien na die groei per bevolkingsgroep en huistaal gekyk word, het BSI-inskrywings wat nie Afrikaans as huistaal het nie die grootste groei getoon, nl. 7.4%.

Tabel 4: Voorgraadse inskrywings per bevolkings- en huistaalgroep, 2015 en 2016

	2015			2016			% Verskil 2015-2016		
	BSI	Wit	Totaal	BSI	Wit	Totaal	BSI	Wit	Totaal
Afrikaans	1 534	7 373	8 907	1 516	7 259	8 775	-1.2%	-1.5%	-1.5%
Nie-Afrikaans	4 753	5 318	10 071	5 107	5 535	10 642	7.4%	4.1%	5.7%
<b>Totaal</b>	<b>6 287</b>	<b>12 691</b>	<b>18 978</b>	<b>6 623</b>	<b>12 794</b>	<b>19 417</b>	<b>5.3%</b>	<b>0.8%</b>	<b>2.3%</b>
%Afrikaans	24.4%	58.1%	46.9%	22.9%	56.7%	45.2%			

Loumarie Kistner  
Institusionele Navorsing en Beplanning



## 4 Bylae

Tabel 5: Nuweling eerstejaarskrywings per fakulteit na afloop van finale registrasietydperk, 2015 en 2016 met 2016 teikens

	Werklik 2015				Werklik 2016				Teiken 2016				%Verskil Werklik 2016 teenoor teiken		
	BSI	Wit	Totaal	%BSI	BSI	Wit	Totaal	%BSI	BSI	Wit	Totaal	%BSI	BSI	Wit	Totaal
Lettere en Sosiale Wet.	411	809	1 220	33.7%	370	569	939	39.4%	340	510	850	40.0%	8.8%	11.6%	10.5%
Natuurwetenskappe	234	463	697	33.6%	220	444	664	33.1%	224	456	680	32.9%	-1.8%	-2.6%	-2.4%
Opvoedkunde	84	177	261	32.2%	93	148	241	38.6%	85	155	240	35.4%	9.4%	-4.5%	0.4%
AgriWetenskappe	109	275	384	28.4%	80	314	394	20.3%	117	233	350	33.4%	-31.6%	34.8%	12.6%
Regseleerdheid	48	69	117	41.0%	48	64	112	42.9%	55	55	110	50.0%	-12.7%	16.4%	1.8%
Teologie	42	16	58	72.4%	54	19	73	74.0%	49	20	69	71.0%	10.2%	-5.0%	5.8%
Ekon- en Bestuurswet.	334	1 091	1 425	23.4%	365	1 159	1 524	24.0%	400	1 050	1 450	27.6%	-8.8%	10.4%	5.1%
Ingenieurswese	214	543	757	28.3%	206	477	683	30.2%	225	485	710	31.7%	-8.4%	-1.6%	-3.8%
Geneeskunde en Gesondheidswet	263	148	411	64.0%	250	146	396	63.1%	258	150	408	63.2%	-3.1%	-2.7%	-2.9%
Krygskunde	115	11	126	91.3%	39	8	47	83.0%	100	10	110	90.9%	-61.0%	-20.0%	-57.3%
<b>Totaal</b>	<b>1 854</b>	<b>3 602</b>	<b>5 456</b>	<b>34.0%</b>	<b>1 725</b>	<b>3 348</b>	<b>5 073</b>	<b>34.0%</b>	<b>1 853</b>	<b>3 124</b>	<b>4 977</b>	<b>37.2%</b>	<b>-6.9%</b>	<b>7.2%</b>	<b>1.9%</b>
Totaal, uitgesluit Krygsk	1 739	3 591	5 330	32.6%	1 686	3 340	5 026	33.5%	1 753	3 114	4 867	36.0%	-3.8%	7.3%	3.3%

Tabel 6: Voorgraadse inskrywings per fakulteit na afloop van finale registrasietydperk, 2015 en 2016

	Werklik 2015				Werklik 2016				%Verskil 2016 teenoor 2015		
	BSI	Wit	Totaal	%BSI	BSI	Wit	Totaal	%BSI	BSI	Wit	Totaal
Lettere en Sosiale Wet.	1 173	2 445	3 618	32.4%	1 238	2 278	3 516	35.2%	5.5%	-6.8%	-2.8%
Natuurwetenskappe	714	1 419	2 133	33.5%	717	1 412	2 129	33.7%	0.4%	-0.5%	-0.2%
Opvoedkunde	285	652	937	30.4%	332	663	995	33.4%	16.5%	1.7%	6.2%
AgriWetenskappe	345	992	1 337	25.8%	356	1 115	1 471	24.2%	3.2%	12.4%	10.0%
Regseleerdheid	158	267	425	37.2%	164	265	429	38.2%	3.8%	-0.7%	0.9%
Teologie	142	61	203	70.0%	174	61	235	74.0%	22.5%	0.0%	15.8%
Ekon- en Bestuurswet.	1 093	3 534	4 627	23.6%	1 183	3 772	4 955	23.9%	8.2%	6.7%	7.1%
Ingenieurswese	657	2 212	2 869	22.9%	688	2 147	2 835	24.3%	4.7%	-2.9%	-1.2%
Geneeskunde en Gesondheidswet	1305	1 047	2 352	55.5%	1 398	1 017	2 415	57.9%	7.1%	-2.9%	2.7%
Krygskunde	415	62	477	87.0%	373	64	437	85.4%	-10.1%	3.2%	-8.4%
<b>Totaal</b>	<b>6 287</b>	<b>12 691</b>	<b>18 978</b>	<b>33.1%</b>	<b>6 623</b>	<b>12 794</b>	<b>19 417</b>	<b>34.1%</b>	<b>5.3%</b>	<b>0.8%</b>	<b>2.3%</b>
Totaal, uitgesluit Krygsk	5 872	12 629	18 501	31.7%	6 250	12 730	18 980	32.9%	6.4%	0.8%	2.6%

Tabel 7: Voorwaardelik toegelate nuweling eerstejaars, Desember 2015- en Desember 2016-innames

Fakulteit	2015			2016			% Toename 2015-2016		
	BSI	Wit	Totaal	BSI	Wit	Totaal	BSI	Wit	Totaal
Lettere en Sosiale Wetenskappe	1 026	1 590	2 616	970	1 018	1 988	-5.5%	-36.0%	-24.0%
Natuurwetenskappe	734	1 173	1 907	886	1 192	2 078	20.7%	1.6%	9.0%
Opvoedkunde	160	308	468	133	254	387	-16.9%	-17.5%	-17.3%
Agriwetenskappe	278	370	648	260	482	742	-6.5%	30.3%	14.5%
Regsgelerdheid (LLB)	78	116	194	76	113	189	-2.6%	-2.6%	-2.6%
Teologie	74	29	103	114	65	179	54.1%	124.1%	73.8%
Ekon- en Bestuurswetenskappe	1 049	1 786	2 835	1 262	1 991	3 253	20.3%	11.5%	14.7%
Ingenieurswese	556	816	1 372	601	741	1 342	8.1%	-9.2%	-2.2%
Geneeskunde en Gesondheids-wetenskappe	333	141	474	316	138	454	-5.1%	-2.1%	-4.2%
Krygskunde	0	0	0	0	0	0			
<b>Totaal</b>	<b>4 288</b>	<b>6 329</b>	<b>10 617</b>	<b>4 618</b>	<b>5 994</b>	<b>10 612</b>	<b>7.7%</b>	<b>-5.3%</b>	<b>0.0%</b>

Tabel 8: Registrasiekoers per huistaal- en bevolkingsgroep vir nuweling eerstejaars, 2015- en 2016-innames (Krygskunde uitgesluit)

		2015		2016		Registrasiekoers	
		Toelatings	Registrasies	Toelatings	Registrasies	2015	2016
<b>Taal- en bevolkingsgroepe</b>	BSI Afrikaans	646	399	606	377	61.8%	62.2%
	BSI Nie-Afrikaans	3 642	1 340	4 012	1 309	36.8%	32.6%
	Wit Afrikaans	2 900	1 921	2 868	1 876	66.2%	65.4%
	Wit Nie-Afrikaans	3 429	1 670	3 126	1 464	48.7%	46.8%
<b>Bevolkingsgoep</b>	BSI totaal	4 288	1 739	4 618	1 686	40.6%	36.5%
	Wit totaal	6 329	3 591	5 994	3 340	56.7%	55.7%
<b>Taalgroep</b>	Afrikaans Totaal	3 546	2 320	3 474	2 253	65.4%	64.9%
	Nie-Afrikaans Totaal	7 071	3 010	7 138	2 773	42.6%	38.8%
<b>Totaal</b>		<b>10 617</b>	<b>5 330</b>	<b>10 612</b>	<b>5 026</b>	<b>50.2%</b>	<b>47.4%</b>

Tabel 9: Inskrywings per fakulteit en bevolkingsgroep vir eerstejaars, 2015 en 2016

Fakulteit	2015				2016			
	BSI	Wit	Totaal	%BSI	BSI	Wit	Totaal	%BSI
Lettere en Sosiale Wetenskappe	421	824	1 245	33.8%	379	593	972	39.0%
Natuurwetenskappe	246	489	735	33.5%	232	466	698	33.2%
Opvoedkunde	124	298	422	29.4%	92	355	447	20.6%
Agriwetenskappe	90	189	279	32.3%	102	155	257	39.7%
Regsgelerdheid (LLB)	50	75	125	40.0%	51	69	120	42.5%
Teologie	50	22	72	69.4%	66	20	86	76.7%
Ekon- en Bestuurswetenskappe	353	1 152	1 505	23.5%	386	1 212	1 598	24.2%
Ingenieurswese	229	564	793	28.9%	221	499	720	30.7%
Geneeskunde en Gesondheids-wetenskappe	294	203	497	59.2%	284	209	493	57.6%
Krygskunde	163	14	177	92.1%	72	11	83	86.7%
<b>Totaal</b>	<b>2 020</b>	<b>3 830</b>	<b>5 850</b>	<b>34.5%</b>	<b>1 885</b>	<b>3 589</b>	<b>5 474</b>	<b>34.4%</b>

Tabel 10: Inskrywings per fakulteit en huistaalgroep vir nuweling eerstejaars, 2015 en 2016

Fakulteit	2015				2016			
	Afr	Nie-Afr	Totaal	%Afr	Afr	Nie-Afr	Totaal	%Afr
Lettere en Sosiale Wetenskappe	435	785	1 220	35.7%	395	544	939	42.1%
Natuurwetenskappe	284	413	697	40.7%	240	424	664	36.1%
Opvoedkunde	162	99	261	62.1%	134	107	241	55.6%
Agriwetenskappe	214	170	384	55.7%	240	154	394	60.9%
Regsgeleerdheid (LLB)	54	63	117	46.2%	49	63	112	43.8%
Teologie	29	29	58	50.0%	30	43	73	41.1%
Ekon- en Bestuurswetenskappe	643	782	1 425	45.1%	705	819	1524	46.3%
Ingenieurswese	368	389	757	48.6%	341	342	683	49.9%
Geneeskunde en Gesondheids-wetenskappe	131	280	411	31.9%	119	277	396	30.1%
Krygskunde	5	121	126	4.0%	2	45	47	4.3%
<b>Totaal</b>	<b>2 325</b>	<b>3 131</b>	<b>5 456</b>	<b>42.6%</b>	<b>2 255</b>	<b>2 818</b>	<b>5 073</b>	<b>44.5%</b>
Totaal uitgesluit Krygskunde	2 320	3 010	5 330	43.5%	2 253	2 773	5 026	44.8%

Tabel 11: Voorgraadse inskrywings per fakulteit en huistaalgroep, 2015 en 2016

Fakulteit	2015				2016			
	Afr	Nie-Afr	Totaal	%Afr	Afr	Nie-Afr	Totaal	%Afr
Lettere en Sosiale Wetenskappe	1 509	2 109	3 618	41.7%	1 430	2 086	3 516	40.7%
Natuurwetenskappe	905	1 228	2 133	42.4%	831	1 298	2 129	39.0%
Opvoedkunde	591	346	937	63.1%	611	384	995	61.4%
Agriwetenskappe	775	562	1 337	58.0%	872	599	1 471	59.3%
Regsgeleerdheid (LLB)	198	227	425	46.6%	192	237	429	44.8%
Teologie	111	92	203	54.7%	112	123	235	47.7%
Ekon- en Bestuurswetenskappe	2 311	2 316	4 627	49.9%	2 337	2 618	4 955	47.2%
Ingenieurswese	1 618	1 251	2 869	56.4%	1 531	1 304	2 835	54.0%
Geneeskunde en Gesondheids-wetenskappe	824	1 528	2 352	35.0%	792	1 623	2 415	32.8%
Krygskunde	65	412	477	13.6%	67	370	437	15.3%
<b>Totaal</b>	<b>8 907</b>	<b>10 071</b>	<b>18 978</b>	<b>46.9%</b>	<b>8 775</b>	<b>10 642</b>	<b>19 417</b>	<b>45.2%</b>
Totaal uitgesluit Krygskunde	8 842	9 659	18 501	47.8%	8 708	10 272	18 980	45.9%